



DIE F.A.K.-VOLKSANGBUNDEL, saamgestel deur die redaksiekomitee: Dr. Hugo Gutsche M.A., W. J. du P. Erlank B.A.Hon. en S. H. Eyssen B.A. Uitgewers: J. H. de Bussy, Pretoria; prys 8s. 6d., posgeld ekstra.

DIE samestelling en publikasie van die Volksangbundel is 'n prysenswaardige poging om in die dringende behoefte aan singmateriaal in Afrikaans te voorsien. Dit is opvallend dat wanneer jongmense bymekaar kom die lus om te sing altyd bestaan, maar dat hulle nie weet wat om met die lus aan te vang nie, omdat daar 'n ernstige gebrek bestaan aan singbare wysies wat sal uiting gee aan lewensvreugde of selfs aan die sinnelike jeugdige weemoed van die Afrikaner wat op die drumpel staan van die prosaïese alledaagse lewe wat wag.

Tot tyd en wyl die bestaande oer-Afrikaanse volkswysies versamel en uitgegee word, is dit verstandig om, soos die redaksiekomitee dit ook gedoen het, te put uit die ryk volksliedereskat van Europa, veral van Duitsland, waar die belangrikste versamelwerk al voor die middel van die vorige eeu voltooi is. Geen wonder dus dat 'n hoë persentasie Duitse volksliedere in die bundel opgeneem is nie. Jammer dat die bibliografiese besonderhede nie altyd duidelik vermeld is nie; myns insiens behoort die Duitse eerste reëltye altyd onder die titel van die Afrikaanse verwerking aangegee te word, so behoort die Duitse „Ich wollt meine Liebe ergösse sich” onder „Ek wou dat een enkel woordjie” (bls. 94 b) te gestaan het. Soms, soos op bls. 6, geskied dit wel, maar dikwels word dit vergeet. Onder No. 8 word daar selfs nie meegedeel dat die oorspronklike wysie dié van die „Marseillaise” is nie.

Persoonlik is ek van mening dat die insluiting van Nederlandse volks- en vaderlandse liedere in die oertaal nie raadsaam was nie, maar daarvoor sal bepaald uiteenlopende menings bestaan. Uit die ryk bronne van nie-Germaanse volksliedere is feitlik nie geput nie, seker omdat die literatuur in Suid-Afrika minder toeganklik is as dié van die Duitse volksliedere, soos in die bekende „Erkscher Liederschatz”. Tog is dit my ondervinding dat, ten spyte van hul dikwels moeilike ritme, die Napolitaanse, Spaanse en selfs Tsjeggiese volksliedere in Afrikaanse verwerkings onmiddellik in die smaak val van die studente en luisteraars oor die radio. Franse volkswysies, met uitsondering van die grappige „Au clair de la lune” of die kinder-

liedjie „Frère Jacques”, is miskien te „précieux” vir ons Afrikaners.

Dit is uiters verblydend dat heel party Afrikaanse liedjies ook plek gekry het, soos „Gertjie” en „Transvaal is weer in 'n moeilikheid”; maar waar bly die eens alombekende „A is Alfred Muller (Milner!) goewerneur van Transvaal, B is die Boere wat hom daaruit sal haal”, of die aandoenlike „Wat baat my die liefde vol wonde” of die grappige „Ek is 'n arme Engelman” ens., ens.? Die liedjies van mnr. Spiethoff, wat so getrou meegehelp het met die opwek van singlus by die Afrikanerkind, is baie welkom. Dankie ook, Redaksiekomitee, vir die insluiting van mnr. Endler se bekoorlike wiegelieliedjie en van ons allerbeste Afrikaanse lied, „Die Roos”, van S. le R. Marais.

Die vertalings is oor die algemeen goed singbaar en vloei maklik; waar hier en daar 'n moeilike klank op 'n hoë noot kom, kan die teks by die gebruik miskien verander word. Af en toe makeer 'n belangrike vertikale of horisontale strepie by die „tonic-solfa”-notasie.

Die liedjies sal bepaald baie nuttig wees by die opstel van die Afrikaanse radioprogramme, waarvoor juis dié materiaal so broodnodig is. Mooi so! F.A.K. en mooi so! redaksiekomitee. Nou wag ons nog op die optekening van ons eie Afrikaanse volksliedjies, en van wie kan die inisiatief beter uitgaan as van die F.A.K., wat aan die Afrikaanse musiek met die uitgee van hierdie sangbundel alreeds 'n groot diens bewys het?

C. G. S. DE VILLIERS

'N BOEIENDE SPEURVERHAAL

DIE SKRAAL MAN deur A. J. du Plessis. Uitgewers: J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria.

SEDERT *Donker Spore* van Langenhoven het die speurverhaal koers verskeie skrywers by ons hewig aangegryp. Die gevolg is dat ons nou al by die twintig (skat ek) sulke verhale het. Selfs Leipoldt het die genre nie versmaai nie, en dat die publiek van dergelyke ontspanningslektuur hou, bewys die herdrukke wat die werk van Hendrik Brand byv. beleef het.

Ook hierdie jongste speurverhaal behoort gewild te word. In seker opsigte wyk dit van die gewone verhale af, want dit is meer Afrikaans. Sonder om die toekomstige leser 'n deel van sy genot te beroof deur iets van die verloop van die storie aan te dui, kan 'n mens sê

(Vervolg op bladsy 71.)